# SENDING EN KULTUUR

In 1879 het G. Warneck 'n belangrike studie geskrywe oor „Die gegenseitigen Beziehungen zwischen der modernen Mission und Kultur". Warneck stel voorop dat dit in die sending nooit om die kultuur gaan nie, want die kultuur is nie die hoofdoel van die sending nie. Tog erken hy dat die sending 'n draer is van die kulturele skatte van die Weste en also 'n taak moet vervul. Die noue samehang tussen godsdiens en kultuur eis dat met die westerse kultuur ook die Christelike godsdiens aan die heidene gebring word.

Hierdie waarheid is destyds ontken deur Prof. Snouck Hurgronje in sy *Nederland en de Islam.* Hy wil aan die Javane die Nederlandse kultuur bring, die kultuur in volle omvang dog sonder hieronder te reken die Christelike godsdiens. Teen hierdie opvatting het dr. H. A. van Andel te velde getrek in sy *Cultuur en Christendom onder de Javanen,* (1921).

Die doel van die sending kan nooit wees om slegs die westerse kultuur aan 'n ongekerstende volk te bring nie. Dit word vir ons duidelik as ons nader ingaan op die begrip *kultuur.* Dr. van Andel wys daarop dat kultuur in aktiewe en in passiewe sin geneem moet word. Kultuur in aktiewe sin is alle arbeid wat aangewend word om die menslike gees te ontwikkel om die akker van die geesteslewe vrugte te laat voortbring. Kultuur in passiewe sin is die bereikte resultaat, die produk van die geestelike akker, (dr. van Andel, bl. 19). Ons sou kultuur kan beskrywe as die besinksel wat oorgebly het uit 'n worsteling op stoflike en geestelike gebied en wat die eiendom geword het van die mense van 'n bepaalde tyd. Hieruit volg dat elke tyd sy eie kultuur het. Daardie eie kultuurlewe wat saam die nasionaliteit van 'n volk bepaal, is vir daardie volk van groot waarde. Dit word deur daardie volk bewaar en beveilig.

So het die volk Israel afgesonder gelewe. Hulle het 'n eie kultuur gehad en daardie kultuur het geheel onder invloed van sy religie gestaan. Die religie het die kultuur beheers en bepaal. Die hele lewe is deur die verbondsvolk opgeneem. Later is die hele lewe deur die kerk opgeneem. Renaissance en humanisme het verandering gebring. Die mens het homself van die kerk geëmansipeer en het buite die kerk om teruggegryp na die lewe van die ou Grieke en Romeine. Dit het geword 'n verering van die gees van die heidendom.

Rudolf Eucken maak die raak opmerking: „Denn es gehen durch die moderne Kultur manche Tendenzen, die mit aller und jeder Religion, im besondern aber mit dem Christentum, schlechterdings unverträglich sind" (*Geistige Strömungen der Gegenwart,* p. 409). 'n Kultuur sonder Christendom moet verval. Dié nuwe kultuur is selfgenoegsaam. Dié kultuur dra vir goed 'n ander karakter. Dit staan in beginsel naas, selfs teenoor die Christelike geloof. Dit is die taak van die Christen om oor die kultuur te oordeel volgens die Woord van God, om dit te beïnvloed deur die Woord van God. Ons kan die vraag stel of daar nog gespreek kan word van 'n Christelike kultuur.

'n Blote oordrag van kultuur sonder die Christendom is geen sending nie. Negatief moet die sending probeer om die ontkerstening te stuit, positief deur te probeer om 'n eie sfeer te skep, 'n eie lewe waarin die Woord van God heerskappy voer.

Die kultuur omvat al die geestelike en sedelike goedere van 'n volk, wat tesame leiding gee aan die volkslewe. Regsbegrippe en sedelike beginsels, die grondslae van die maatskaplike lewe, is ook kulturele skatte. Wie die regsbegrippe en die sedelike beginsels uit 'n volk sou wegneem, sou die maatskappy nie in stand kan hou, selfs nie deur hoog opgevoerde tegniek nie. Wie die geestelike en sedelike goedere uit die kultuur wegneem, hou oor 'n kultuur sonder hart en sonder krag.

In die kultuurproses, in die ontwikkelingsgang wat op kultuur uitloop, speel die godsdiens 'n vername rol. Die religie gaan vooraf aan die kultuur. Die kultuur het oral onder die invloed van die religie tot aansyn en ontwikkeling gekom. Die religie is die dryfkrag wat by die voortduur, kultuur moet voortbring en in stand hou. „De bron der cultuur, de godsdienst, moet blijven vloeien, zal de stroom niet opdrogen; de boom moet vruchten blijven dragen; de akker moet van jaar tot jaar een oogst opleveren", (Dr. van Andel, p. 20).

Die noodsaaklike verband van religie en kultuur blyk ook in die persoonlike lewe. Kultuur op sigself bevredig nie. Daarom beweer prof. Heymans: „Hoe overvloediger de weldaden der beschaving ons toestromen, des te leeger wordt ons leven."

Die Oosterling het baie meer as die Westerling behoefte om alles met sy godsdiens in verband te bring. 'n Kultuur sonder 'n godsdiens wat hom dra, lyk bepaaldelik ondenkbaar vir die Oosterling. Maar ook die Westerse kultuur kan nie losgedink word van die Christendom nie. Sowel histories as logies is die Westerse kultuur in die Christelike godsdiens gegrond. Die kultuur, los van sy lewensbeginsel, is selfs ook van waarde, maar dit het geen blywende bestaan nie. Los van die werksame godsdienstige beginsel verkwyn en verdwyn die kultuur.

Die sending moet dit goed verstaan dat 'n ingevoerde kultuur sonder wortel in die eie volkslewe 'n vreemde element bly vir die volksiel. 'n Volk kan alleen lewe by sy eie kultuur. Maar dan moet sy eie kultuur veredel en versterk word deur die werkende kragte van die Christendom. „In den Christelijken godsdienst liggen ook de beginselen die in den loop der tijden in het Christelijk gezin, in de Christelijke staatkunde, in de Christelijke leer der maatschappij tot erkenning gekomen zijn. En die algemene beginselen, uit den godsdienst opgekomen, geven leiding op culturele gebied." (Dr. van Andel, p. 24, 25.)

Die mens is op een of ander wyse kultuurdraer. Hy is omhang met 'n menigte van beskouinge, redeneringe, lewensvorme, gevoelens, wat die gemeenskaplike eiendom is van sy stam en sy volk. In dié kultuur, hoe primitief dit ook mag skyn, is die religie steeds die sentrale element.

Die groot antropoloog Malinowski het dit kernagtig uitgedruk: „Religion is not a cultural epiphenomenon ('n kulturele byverskynsel) but a profound moral and social force which gives the ultimate integration to human culture" (Bronislaw Malinowski—*The Dynamics of Culture Change*. New Haven, 1945, p. 48). Die mens is bewus of onbewus draer van 'n menigte van veronderstellinge aangaande God, aangaande die waarde van die mens en aangaande baie ander dinge, almal dinge wat hy gemeen het met vele andere.

Die sending moet daarom let op die *kultuuroordrag*, dit wil sê 'n ontmoeting van twee kulture. Dit is 'n normale verskynsel in die lewe van die volke. So 'n ontmoeting of akkulturasie lei gewoonlik tot wedersydse beïnvloeding en aanpassing. Gewoonlik is een van die ontmoetende kulture die meerdere van die ander. Waar die een slegs weinig verander, daar druk dit met dwingende krag sy stempel op die ander een af. In so 'n geval is dit die konstante faktor, terwyl die ander kultuur die veranderende faktor is. Hierdie kultuurontmoeting wat gepaard gaan met kultuurverandering is gewoonlik 'n proses van lange duur. Die sosiale verhoudinge begin hulle gedurende die proses van akkulturasie te wysig.

Die Christendom ontmoet op sy weg verskillende kulture. Hulle is lewende eenhede waarin alle dinge met mekaar saamhang. So lê die landbou by die naturelle in Suid-Afrika in die religieuse sfeer en word dit gedra deur allerlei rites en gebruike. Siekte en dood word in verband gedink met demoniese magte. Die mees materiële verskynsele is ingepas in die groot religieuse wêreldbeeld. Daarom moet op die duur elke ingrypende verandering in die uitwendige lewe sy terugslag hê op die godsdienstige lewenshouding. 'n Struktuurverandering is besig om geleidelik plaas te vind. In die kulture van die volke waarmee die Westerse wêreld in aanraking kom, word die mens in veel sterker mate gesien as 'n stukkie van die natuur. Om dié rede beteken akkulturasie hier 'n baie ernstiger gebeurtenis as wat in vroeëre gevalle die geval was. Dit gaan nou om 'n radikale nuwe lewensoriëntering, om 'n volstrekte nuwe houding, ten opsigte van alle verskynsele. Daarom is die akkulturasie wat nou plaasvind 'n feit van ernstige konsekwensies, van aangrypende erns. Hierdie akkulturasie vind plaas met 'n verbysterende haas.

'n Ander storende faktor is dat oral waar die Westerse wêreld binnedring, ook politieke faktore 'n rol gaan speel. Nasionalistiese sentimente ontwaak. Die naturelle ontdoen hulle gretig van hulle voorvaderlike erfgoed en werp hulle in die stroom van die nuwe denke.

Dr. J. H. Bavinck teken hier aan: „Onwetend en stellig ook ongewild is de Zending daardoor in meerdere delen van de wereld mee oorzaak geweest van de innerlijke ontwrichting, die daar als onvermijdelijk gevolg van de snelle acculturatie, zich van het leven en denken meester maakte" (*Inleiding in de Zendingswetenschap*, p. 112).

Onder die invloed van die prediking sal daar langsamerhand 'n nuwe gemeenskap moet groei, 'n gemeenskap wat wel sommige van die ou

gebruike handhaaf, maar waarbinne daardie gebruike 'n ander karakter verkry het, omdat hulle deur 'n nuwe beginsel gedra is.

Gutmann wil hom so sterk moontlik aansluit by die stamverbondenheid van die naturelle. Hy beweer dat die stamverbondenheid deur ons beskou moet word as 'n skeppingsordinansie. Die sending mag volgens Gutmann die stamverbondenheid nie breek nie. In die stamverbondenheid is daar „urtümliche Bindunge" wat moet opgevat word as 'n „Schöpfungsgegebenheit". Gutmann sien tereg in dat as die naturelle uit die stamverbondenheid losraak, as hulle ontstam word, dan stort hulle in 'n religieuse en sedelike krisis. Al hulle religieuse en sedelike norme lê vas in die hegte band van die gemeenskap.

Oral waar die stamverbande begin om te verswak, daar tree verskynsele op van beangstigende verwildering. Roof, oorspel, diefstal en moord is dan aan die orde van die dag. Ontstamming beteken byna altyd tegelyk sedelike verwildering.

Tog moet ons ernstig waarsku teen die oorskatting van die stamverband. Die stamverbande loop steeds ernstig gevaar vir kollektiewe selfvergoddeliking. Gutmann vergeet dat die stam beskik oor goddelike kragte wat sluimer in die ou rites en gebruike. Daar lê stellig 'n element van afskuwelike afgodery in die stamverbondenheid. Die religieuse bodem, waarin dit gewortel is, is uiters bedenklik. In die snelle ontwikkeling van ons tyd verkeer die stamverbande oor die hele wêreld in 'n proses van ontbinding. Die kultuur van die naturel besit geen Christelike norme nie. Die begrip volk soos ons dit op die sendingsvelde ontmoet, mag nie beskou word as meebepalende element by die opbou van die kerk. Die kerk beoog 'n gemeenskapsband van 'n heeltemal ander aard as wat daar in die ou stamverbondenheid gegee was. Elke gedagte asof die kerk in sy sending die ou stamverbondenheid opvang, dra groot gevare in hom. Die kerk is nou eenmaal 'n vreemde verskynsel in die wêreld, dit laat hom nie saamsmelt met enige politieke of sosiale grootheid nie. In verband met die opvatting van Gutmann verwys ons na J. C. Hoekendijk—*Kerk en Volk in de Duitse Zendingswetenschap*, p. 135 vv. Verder kan ons nog melding maak van die proefskrif van P. P. A. Kamfer—*Die Volksorganiese Sendingsmetode by Bruno Gutmann.*

'n Vraag wat in verband met die voorgaande behandel moet word, is: As daar geen stukkie waarheid in die nie-Christelike religies is nie, watter *aanknopingspunt* het die verkondiging van die Evangelie dan in die sending? Die vraag is hier: wat verstaan ons onder aanknopingspunt? Wanneer ons daaronder verstaan so 'n punt in die heidense lewe en denke, wat as ongeskonde waarheid kan aangegryp word, en van waaruit verder gebou kan word. In die mens is niks waaraan ons in hierdie sin kan aanknoop. Dr. J. H. Bavinck spreek dan ook liewer van *aangrypingspunt*, d.i. die algemene nood en angs by die heidene. Die algemene noodgevoel is op sigself geen dors na Christus nie, maar dit kan tog in die prediking

aanleiding wees om die veel dieper nood van die mens, die nood na God, in die lig te stel.

Die sending gaan dus nie op in die oordra van kultuurgoedere aan nie-Christelike volke nie. Die *doel van die sending* is volgens Voetius drievoudig: die bekering van die heidene, die planting van die kerk en die verheerliking en openbaring van die goddelike genade. Kyk dr. H. A. van Andel—*De Zendingsle r van Gisbertus Voetius.* Ons kan die doel van die sending neem as die koms en verbreiding van die Koninkryk van God. Dit sluit in die verbreiding van die Kerk oor die gehele aarde. Die koms van die Koninkryk sluit in die bekering van sondaars en die verheerliking van God. Die sending gaan dus om God, om sy eer en om sy Koninkryk. Dit gaan daarom dat die mens, verlos deur Jesus Christus, eindelik sal insien dat daar nergens vrede te vind is as alleen in God.

Die vraag is hier of die sending hom moet aanpas aan gebruike en lewensvorme, wat wesensvreemd is ten opsigte van die Evangelie. Ons antwoord is: Die Christelike lewe pas hom nie aan by heidense lewensvorme nie, maar neem hulle in besit. Daarom spreek dr. J. H. Bavinck van *possessio.* Deur die heidense lewensvorme in besit te neem, word hulle nuut gemaak. Die gevaar is daar dat die koorsagtige nasionale gevoel daartoe kan lei dat die heidene hulle kan ontdoen van die ou kultuurbesit en die westerse gebruik energiek navolg.

Van aanpassing aan die heidense gebruike kan daar dus geen sprake wees nie. Die hele mens tog is in sy denke en in sy lewe deur die sonde totaal verdorwe. Die sonde het hom geheel en al aangetas. Daarom sien ons die heidense religies nie soseer as komplekse groothede waarin daar nog bruikbare materiaal verborge is nie. Nee, ons sien die heidense religies as magtige eenhede, as strukture wat volstrek ondeelbaar is. Kraemer sê daarom in sy *Christian Message in the Non-Christian World*: „Every religion is an indivisible, and not to be divided, unity of existential apprehension" (p. 135). Die kulture wat ons op die sendingsveld ontmoet is in sekere sin wel ondeelbare strukture, maar vertoon tog hier en daar 'n eienaardige breuk. Kyk dr. J. H. Bavinck—*The Impact of Christianity on the non-Christian World* (p. 75–77).

'n Punt wat ons interesseer is: Hoe het die sending in die verlede gestaan teenoor die vraagstuk van die kultuur? Hierop kan in die algemeen geantwoord word dat die sending vroeër veelal klakkeloos die vaderlandse norme en gewoontes ingevoer het. In Holland is daar destyds sterk daaroor gedink om op die sendingsvelde ook die Hollandse taal in te voer. Die liturgie wat in Nederland toegepas is, is in die vreemde stip volgehou. Dit spreek vanself dat dit alles nie sonder bedenking was nie hoe goed dit ook bedoel was. Die ou kultuur van die heidense volke is also geheel opsy geskuiwe, maar dit was tog nie wesenlik oorwin nie. Hierby kom nog dat die sending destyds so weinig van die kerk assodanig uitgegaan het. En dan het dit nog 'n politieke agtergrond gehad. Deur middel van die sending moet eie kulturele waardes aan die nie-Christelike volke oorgeplant word en die kulturele erfgoed van die volke opsy gedring word.

Rw.

Dit is veral gedoen deur William Carey in die eerste helfte van die 19de eeu. Carey was homself daarvan bewus dat sendingswerk na sy wese altyd moet beteken 'n ingryping in die religieuse motiewe wat die kultuurlewe beheers. Hy en sy medearbeiders het hulle buitengewoon beywer vir die bestudering van die tale wat in die Noorde van Indië gespreek is. Hulle het self verskillende dele van die Bybel in verskillende van hierdie tale oorgesit. Dit alleen is al 'n kulturele arbeid van die grootste betekenis. Geen onderdeel van die maatskaplike lewe het onaangeroer gebly nie. Wat hom daarby steeds voor oë gestaan het, was hierdie groot ideaal dat die Christelike kerk in Indië nie 'n westerse vreemde karakter sou vertoon nie, maar só sou wortel in die Indiese wêreld dat dit deur nie-Christene beskou is as iets wat nie gemis kan word nie. Die Christelike geloof moet genaturaliseer word in Indië. Dit was een van die doelstellings wat Carey se lewe beheers het. Also is daar tussen sending en kultuur 'n nuwe verband gelê.

Dit het nie meer daarom gegaan om die vaderlandse kultuur in sy hele eienaardigheid oor te plant nie. Die doel van die sending was nou om te probeer om in 'n heel ander wêreld 'n nuwe kultuur te laat groei, 'n kultuur wat wel uit die saad van die Evangelie ontspruit was maar nogtans 'n tipiese Indiese karakter vertoon het.

Dit is van belang om daarop te let dat die oral binnedringende krag van die westerse kultuur 'n ware rewolusie moet aanrig. In die Weste was hulle in die eerste periode van die *penetrasie* in die gebiede van die primitiewe kultuursfeer vir hulself slegs weinig bewus van die katastrofale gevolge wat hierdie penetrasie op die kulturele lewe van daardie volke moes uitoefen. Die westerse volke het in hulle eerste aanraking met die primitiewe kultuursfeer nie altyd voldoende begryp met watter mag hulle moes worstel nie. Hulle het dit menigmaal maar al te weinig besef watter diepgaande rewolusie op religieuse gebied sowel as op sosiale en ekonomiese gebied hulle optrede moes verwek.

Eers langsamerhand het hulle vir hulleself van hulle groot verantwoordelikheid in kulturele opsig bewus geword. Van die gebiede waar die sending langsamerhand geleer het om met groot versigtigheid in te gryp in die kulturele lewe moet *Afrika* eerste genoem word. In Afrika het hulle destyds te doen gehad met 'n groot menigte stamme wat hulle eie taal gepraat het, en deur die ou baie strenge gewoontes gebind was. Hier in Afrika het vir die eerste maal die vraag ernstig na vore getree, wat die sending moes doen met die ou erfgoed en watter houding hulle daarteen moes inneem.

Die eerste wat ontdek is, was dat die geslote stamlewe van die Afrikaanse volke vir hulle tegelyk die basis is, waarop hulle morele lewe rus. Sodra mens hierdie mense gaan isoleer van hulle stamverband en hulle alleen plaas, weet hulle nie meer hoe hulle moet lewe en handel nie. By die bearbeiding van die jong gemeente sal die sendeling hom steeds lewendig bewus moet wees dat hy nie spreek tot enkelinge nie, maar tot mense wat alleen in noue saamhorigheid met mekaar lewe.

Die gemeenskapslewe verdien dan ook sorgvuldige beskouing, ook die baie sedes en gewoontes, wat saamhang met die omgang met die natuur en met die dodes moet sorgvuldig bekend word.

Dit blyk dus dat dit in die sendingswerk meer en meer noodsaaklik is om ernstig in te gaan op die kulturele faktore in die volkslewe. Nergens kan die sending volstaan met te handel oor religieuse vrae in die engere sin waarin ons dit as reël verstaan nie. Die sendeling moet dit begryp dat alles wat hulle doen en sê tegelyk diep ingryp in die sosiale en kulturele lewe van die mense tot wie hulle hul rig.

Ons kom nou tot die verskynsel van *permeasie*. Daaronder word as reël verstaan dat die prediking van die Evangelie gewoonlik baie verder deurwerk as die kring van hulle wat tot die geloof kom. Die verkondiging van die Evangelie bring mee dat die ander godsdienste onwillekeurig 'n sekere innerlike wysiging ondergaan. Permeasie is die deurdringing van die Christelike invloed buite die kring van die kerk. Dit is 'n deursypeling van dié invloed binne die sfeer van die nie-Christelike religieuse gemeenskappe. Die Christelike geloof bevat 'n sekere aktiewe kragsontwikkeling, wat bv. by die Hindoes ontbreek. Dr. J. H. Bavinck beweer dan ook: „Het Christendom heeft zonder enige twijfel een diepgaande betekenis verkregen voor de gehele Indische kultuurontwikkeling van de laatste decenniën" (*Cultuur-geschiedenis van het Christendom*, Dl. IV, p. 386). Ons kan ook sê dat die Christendom 'n kultuurvernuwende funksie uitoefen.

Ons wil ten slotte nog wys op die verskynsel van *assimilasie*. Daaronder verstaan ons dat 'n Christelike gemeenskap in 'n nie-Christelike omgewing gemaklik daartoe kom om hom in allerlei opsigte nou aan te pas aan die lewensvorme, wat in daardie omgewing gebruiklik is. Wie die kultuurgeskiedenis van die Christendom nagaan, sal bemerk dat daar reeds van die oudste tye af so 'n assimilasie bestaan het. Reeds die ou kerk het in sy liturgie, argitektuur en denkvorme, maar ook in allerlei lewensgewoontes aansluiting gesoek by die Grieks-Romeinse wêreld.

Ons wil afsluit met te verwys na „'n Eie Gereformeerde Sendingsmetode en Roeping" opgestel in Oktober 1958 in opdrag van die Sinodale Sendingsdeputate van die Gereformeerde Kerk. Ons haal slegs punte 8–10 aan: „Teenoor alle metodistiese en humanistiese sendingsopvattinge konstateer die Gereformeerde Kerk dit baie beslis dat die nie-blankes alleen tot 'n werklike geloofsbeslissing en 'n ware Christelike lewe kan kom, as hulle gekonfronteer word met die *absolute* soewereiniteit en genade van God soos geopenbaar in Jesus Christus.

Omdat God die *soewereine* Here is vir alle lewensterreine, stel die Gereformeerde Kerk teenoor alle metodistiese en beskawingsending dat die Woord van God ook normerend moet wees vir alle lewensterreine van die nie-blankes. Omdat volgens Gereformeerde beskouing die genade nie die natuur ophef nie, moet die kultuur van die nie-blankes, in soverre dit nie beslis heidens is nie, nie vernietig nie, maar gekersten word."

PROF. P. J. S. DE KLERK